Here, baie dankie dat ons deel kan wees van
U kerk en koninkryk hier op aarde.
Ons bid soos Jesus ons geleer het dat U koninkryk
sal kom en U wil sal geskied. Here,
ons dank U vir die gemeenskap
van gelowiges soos ons dit kan ervaar
ook hier in ons eie gemeente.
Ons bid vir U kerk oor die wêreld en vra dat U Gees nuwe
lewe, krag en toewyding sal inblaas daar waar mense
lou geword het in die geloof.
Dankie dat ons kan meewerk aan die koms van U koninkryk.
Amen